# PAASTYD

## HUISGELOOF



**Paastyd is 50 dae lank - 40 dae na Paasfees is dit Hemelvaart en 10 dae later vier ons Pinksterfees.** Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## (ON)SEKER

## 1 PET 1, LUK 24

### OMGEE

Vertel van 'n keer toe jy 'n gesprek met iemand gehad het wat vir jou tot nuwe insig gebring het of jou iets nuut geleer het.

Jesus kom ontmoet ons op ons (on)sekere pad en open ons oë van geloofsekerheid.

### GESELS

Het jy geweet dat die Bybel geloof beskryf as 'n geskenk wat van God af kom. God help ons om te glo.

**Lees: Luk 24:13-35, 1 Pet 1:21**

- Hoekom was die Emmausgangers ontsteld?
- Watter dinge verstaan jy nie altyd nie of laat jou onseker of verward voel?
- Watter verskillende dinge gee Jesus vir hulle op hulle geloofspad?
- Hoe sou hierdie dinge vandag lyk vir ons?

### DOEN

Skryf vir jouself 'n brief (julle kan dit ook saam as gesin doen) vir tye van onsekerheid of onbeantwoorde vrae. Maak vir elkeen 'n kopie en stoor dit in 'n veilige plek om te lees.

Kies 'n lied wat vertel van geloof in moeilike tye en luister dit saam.

### BID

Lees weer Luk 24:30-32 en 1 Pet 1:21. Eet saam 'n stukkie brood en bid vir mekaar vir warm harte en geloofsoë.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: